Die Voortrekkers

Posbus 12015, Queenswood, 0121
Pierneefstraat 901, Villieria, 0186
**Tel** 012 329 6011 / 086 613 9913
**E-pos** hkvoort@iafrica.com
www.voortrekkers.co.za

12-02-2020

Beste Voortrekkervriende

Adjunkhoofleier Jan van Heerden moes ongelukkig weens druk werksomstandighede uit die portefeulje bedank. Jan het sewe maande gelede ook oor werksomstandighede bedank, maar die HDB het hom omgepraat om te heroorweeg. Jan is by die Universiteit van Pretoria betrokke by 'n groot nasionale projek wat sy voltydse aandag vereis en tot gevolg het dat hy dikwels uitstedig is. Daarvoor het die Hoofdagbestuur groot begrip en aanvaar met spyt sy bedanking.

Jan het met groot integriteit die Voortrekkerfinansies bestuur. Hy het die Voriemol help vestig; deur spaarsamigheid gehelp dat ledegeld die afgelope drie jaar slegs een keer hoef te verhoog; algemene versekering in plek geplaas; toegesien dat die maatskappy skuld afbetaal is en die jaar afgesluit met 'n gelykbreek begroting / klein wins. Dit is wesenlike prestasies. Daarvoor salueer ons hom en sê namens elke Voortrekker opreg dankie.

Die Hoofbestuur is in 'n belangrike ontwikkelingsfase waar beide die Voriemol en die herstrukturering van ons bestuursmodel gefokusde aandag en tyd vra. Die Voriemol moet met kundigheid begelei word tot selfstandigheid. 'n Nuwe finansiële model moet in samewerking met NK Finansies en die Voortrekkermaatskappy ontwikkel word ten einde die volhoubare finansiële voortbestaan van die beweging te verseker. Dit gaan baie tyd en kundigheid van die nuwe AHL-Finansies vra.

Die nominasies open op Donderdag 13 Februarie en sluit op Vrydag 21 Februarie 2020. Die aangehegte nominasievorm en CV moet op 21 Februarie voor 12:00 aan Sinta by hoofkantoor@voortrekkers.co.za gestuur word.

Die verkiesing deur die kieskollege vind op 27 Februarie 2020 plaas.

Met dank

Corlia Botha
Adjunk-hoofleier: administrasie

**Hoofleier** Danie Langner
**Hoofsekretaris** Corlia Botha
**Adjunkhoofleiers** Jan van Heerden, Karin Stoffberg, Johan Laubscher, Elizma Smith